LIFE@WORK: Onderskeiding

Wanneer ons die roeping aanvaar om die koninkryk van God op die markplein te leef, dan moet ons probeer om dit ook *op dieselfde manier* te doen waarop Jesus God se koninkryk laat kom. Om langs dieselfde lyne, waarop God te werk gaan, die koninkryk te laat kom bly vir my die uitdaging van ons tyd. Ons stem as Christene meestal saam oor wat die koninkryk beteken: God is koning - Hy moet regeer; God maak ons deel en daarom medewerkers van Sy koninkryk; Die koninkryk van God beteken ‘n herstel op alle fasette van die mensdom (dis wat *shalom* mos beteken); Ons moet begin om hierdie herstel van die wêreld (die koms van die koninkryk) uit te leef.

Die uitdaging kom wanneer ons hieraan gestalte wil gee in ons tyd en plek - want dan is ons geneig om dit langs die ou lyne van die magsugtige mens te doen en nie langs die lyne van die Rabbi van Nasaret wat voete was nie. Ons het meer as ooit nodig om in te oefen om die voetspore van God te herken...sodat ons Hom kan volg op die markplein waar daar soveel ander spore lê wat ons sou kon volg. **Herman de Kock** help ons in hierdie tweede van 'n reeks van drie om ons eie geneigdhede raak te sien en om die andersheid van God se koninkrykslyne raak te sien...in die hoop dat ons met ondrskeiding sal werk...

Lukas 19:1-10 Jesus se karakter raak eers die mense aan voordat Hy iets sê.

Inleidend

Ons weet nou vanuit verlede week se gesprek dat ons ‘n roeping het. Vanuit Jesus se woorde wat ons in Lukas 4 gelees het is dit ook duidelik wat daardie roeping dryf. En vandag gaan ons kyk na onderskeiding by die werkplek. En ek moet erken dat hierdie gedeelte vir my baie moeilik is. Grotendeels omdat ek verlede week al genoem het dat ons nie met ‘n formule kan werk nie. Ek is bekommerd dat ons westerse kultuur so vashou aan allerhande formules dat ons godsdiens ook maar net een geword het. En die effek hiervan is dat ons die wêreld wat die boodskap van God so nodig het ook met ‘n koue formule wil benader. En dit werk eenvoudig net nie so wanneer ons met mense werk nie. En God werk ook nie so met ons nie.

So hoe moet ek die werkplek en dan die wêreld benader? Hoe moet ek kyk na die werkplek? Hoe onderskei ek wanneer dit die regte tyd is om te getuig?

En dan wil ek voordat ons uit ons teksgedeelte lees, eers vir jou wys wat in Petrus se eerste brief staan. Ek lees in die tweede hoofstuk vanaf vers 22 dat Petrus vir die leser sê om Christus se voorbeeld te volg. En dan brei Petrus daarop uit deur die karakter van Christus te wys. En twee belangrike goed kom uit:

1. Hy het regtig omgegee vir die mense selfs al het hulle Hom onreg aangedoen. Hy kon regtig liefhê.

2. Hy het God ten volle vertrou en alles in God se hande gelaat, want wat ookal moet gebeur sal God laat gebeur.

So ek dink dit is dan gepas om na die voorbeeld van Christus te gaan kyk. En die evangelies is gelaai met hierdie voorbeelde. Maar kom ons gaan kyk na een so ‘n voorbeeld in Lukas 19.

Lukas 19:1 tot 10

1 Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. 2 Daar was 'n man met die
naam Saggeus, die hooftollenaar, 'n ryk man. 3 Hy het geprobeer om Jesus te sien,
maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. 4 Hy hardloop toe vooruit en
klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. 5 Toe
Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek
moet vandag in jou huis tuis gaan." 6 Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap
ontvang. 7 Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n
sondige man tuis!" 8 Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek
gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers
het, gee ek dit vierdubbel terug." 9 Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir
hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. 10 Die Seun van die
mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."

1. Die verskil tussen die koninkryk van God en die van die wêreld....

In Lukas 4 het Jesus verwys na die koninkryk van God. Ons het gesien dat die koninkryk van God die plek is waarheen Jesus se woorde en sy dade gewys het. Maar daar was ‘n ander verstaan van die koninkryk van God. Baie van die mense wat Jesus gevolg het, het tot en met sy kruisiging nog gedink dat Jesus verwys het na die Dawidiese koninkryk. Die tyd toe Israel die trotse nasie was wat geseëvier het oor al die ander nasies.

Daardie tydperk wat natuurlik lank vergete toe Jesus op aarde was. Die Jode het onder die beheer van die Romeinse Ryk geval en moes baie keer groot verdrukking verdra. Daar was ook elke nou en dan iemand wat dit sou waag om as leier die Jode te probeer opsweep teen die Romeine met die gevolg dat die Romeine baie geweldadig opgetree het om die opstand te onderdruk.

Hierdie man Jesus wat dus kom wonders doen het en praat soos ‘n profeet het dan die gemoedere weer opgesweep. Al die Jode wag vir die Messias wat sou kom, maar baie het gedink hierdie Messias sou kom om die Romeinse Ryk plat te vee en die volk Israel weer in eer te herstel.

En wat dus aan die gebeur was, was die skets van die kontras tussen die koninkryk van God en die koninkryke van die wêreld, en in hierdie geval die koninkryke van Dawid en van die Romeinse Ryk.

En dit is ook wat die wrywing tussen Christus en die godsdienstige leiers van daardie tyd gedryf het. Mens kan sê dat dit wat Jesus gedoen het, en dit wat Hy gesê het, nie geklop het met die verwagtinge van die mense nie. En dit is ook hoekom die kruisdood van Jesus so ‘n opskudding veroorsaak het. As ons kyk na hoe ‘n kruis beskou was, dan kan ons insien hoe absurd Jesus se optrede en kruisdood vir daardie mense moes lyk. En volgende Sondag gaan ons meer op hierdie absurditeit van die kruis uitbrei, juis omdat dit vir ons so baie sê oor wat die kenmerk van ‘n Christen is.

Christus het nie net die boodskap van die koninkryk van God gebring nie. Hy het ook die karakter van die koninkryk van God kom wys.

En as ek sê dat hy dit kom wys het, bedoel ek dat Hy dit kom leef het. En met elke optrede van Jesus en elke keer wat Jesus praat het Hy dit duidelik gemaak dat die koninkryk van God, nie met die Dawidiese koninkryk, hierdie koninkryk van Israel verwar moet word nie.

Die voorbeeld wat Christus hier in Lukas 19 stel, kom beklemtoon weereens die karakter van die koninkryk van God. Verlede week het ons gekyk na van die kenmerke van die koninkryk van God, naamlik dat dit die plek is waar hulle wat deur die samelewing verwerp is, nie deur God verwerp word nie.

Vers 9 en 10 is baie belangrik. Hier bevestig Jesus dat dit nie ons is wat ons aanvaarbaar maak voor God nie. Dit is God wat na ons uitreik en ons nuut maak. Ten spyte van ons, is ons aanvaarbaar voor God. Dit is deur Jesus se optrede dat ons aanvaarbaar voor God geword het. Saggeus was uitgestoot deur die samelewing. Hy was verwerp op grond van die standaarde van die Joodse samelewing. En dan bring Jesus die karakter van die koninkryk van God en vertoon daardeur die kontras tussen die twee koninkryke. In die een word die mens gemeet op grond van dit wat hy doen. In die ander, word die mense gemeet op grond van dit wat God doen.

2. Die verskil van die koninkryke...

Ek dink dat die twee maniere van die koninkryke gee vir ons ‘n baie treffende voorbeeld van die uitdra van die goeie nuus van die Koninkryk van God.

Kom ons kyk na die manier van die twee koninkryke. Aan die een kant het ons die koninkryk van Israel. Hulle beleef onderdrukking deur die Romeinse Ryk en die godsdienstige leiers onder die invloed van die Fariseërs, Sadusieërs en Selote dryf die droom van die herstelde koninkryk. Die klem in hierdie koninkryk wat die godsdienstige leiers stel is een van status. Dit gaan oor wie die belangrikste is. Dit gaan oor die erkenning gee aan die wat status het en dienslewering aan hulle wat status het.

Dan is daar die koninkryk van die Romeine. Dit gaan oor mag. Wie is die sterkste. En as enige iemand dit een wat in beheer is wil aanvat, word daar met ‘n vertoon van mag en krag met so iemand afgereken. Kyk maar net hoe het die Romeinse Ryk uitgebrei. Dit was ‘n vreesaanjaende vertoon van mag. Dit was ‘n duidelik tentoonstelling van "Dit is ons manier of niks. Val in by wat ons wil en as jy dit nie doen nie, dan sal ons met jou afreken".

En ons sien die manier waarop hierdie twee koninkryke vir Saggeus behandel het. Aan die een kant is hy verwerp deur die samelewing. Op grond van dit wat hy doen, is hy nie welkom nie. Hy word eenkant uitgestoot. En ek kan my net indink wat met hom sou gebeur as hy teen die Romeine sou in opstand kom.

En dan kom Jesus in hierdie gedeelte en bring die karakter van die koninkryk van God na Saggeus toe. Ek het my probeer indink hoe Jesus sou optree vanuit die standaard wat die koninkryke van Israel en Rome stel. Jesus sou dan seker nie eers vir Saggeus gesê het om uit die boom te klim nie. Hy sou vir Saggeus vanuit die geskrifte aangehaal het en hom laat verstaan hoe ver hy van God af is. Hy sou vir Saggeus baie mooi uitgewys het wat hy alles verkeerd doen en hom mooi laat

verstaan het dat hy homself baie vinnig moet regruk. Maar dit is nie wat Jesus doen nie.

Jesus se manier van doen is heeltemal anders. Die koninkryk wat Jesus kom wys word gekenmerk deur dienslewering. Dit fokus op eerste plek erkenning gee aan hulle wat laaste is. Dit gaan oor self opoffering. Jesus se voorbeeld is een wat nie in die kollig is nie. Nee, Jesus se manier is langs die weg van die kruis en selfopoffering. Dit is klein en eenkant in vergelyking met die manier van die Romeinse Ryk en die godsdienstige leiers van Israel.

3. Volgens watter koninkryk leef jy jou roeping uit?

Weet u, dit is vir my asof ons vandag baie maal in die manier waarop ons die evangelie uitdra dit manier van die Romeinse Ryk en van die godsdienstige leiers van Israel aangeneem het.

Ons manier van doen word baie gekenmerk deur ‘n triomfantelike dryf en dan ook deur veroordeling van die mense rondom ons.

Dink maar aan ons benadering om groot sport stadions vol te pak en dan almal daar uit te daag om manne te wees. Die boodskap fokus op temas van "staan jou man", "moenie enige iets wat jou manwees wil afbreek duld nie", "gaan uit na die wêreld met mening en spreek die wêreld aan". Ek was die ander so teleurgesteld om juis na een van hierdie byeenkomste die volgende opskrif in die koerant te lees: "Die Heilige Gees was nog nooit so sterk nie." En ek het gedink: "Wat ‘n belediging vir die Heilige Gees." Wie is ons om enigsens dit te waag om ons uit te spreek oor wanneer die Heilige Gees kragtig is en wanneer nie?

Ek dink ook aan die gebeure by die Columbine skool waar die kinders so geskiet is. Die een meisie was deur die skieter aangehou en hy het haar gevra of sy in God glo. Sy het "Ja" gesê en toe het hy haar geskiet. Baie predikers het na daardie insident, baie in lyn met die bravade van ‘n sport stadion byeenkoms en van die Romeinse Ryk, gevra wat hulle gemeente lede se antwoord sou wees. En toe kom Yosako Endo, ‘n Japanees, en vertel van die sumi tradisie in Japan ten tyde van die shoguns. Hulle het alle Christene laat aantree en die sumi was ‘n boksie wat die simbool van die Christen geloof was. As die Christene dit plat trap daar voor almal, dan het hulle daarmee erken dat hulle die Christus boodskap verwerp. As hulle dit nie plat trap nie, was hulle deur die verskriklikste marteling gesit totdat hulle sterf. Endo vertel dat baie net nie die moed gehad het nie.

Maar hy maak dit ook baie duidelik uit sy vertelling dat ons baie versigtig moet wees om met bravade te verkondig dat ons vir Christus sou sterf. "Want," sê Endo: "dit is vir daardie mense wat Hom verloën het, vir die Petrusse van hierdie wêreld, dat Christus gekom het." Ek sien myself baie eerder as deel van daardie groep mense vir wie Jesus moes kom. Ek het sy genade nodig.

Maar dit lyk vir my asof ons regtig vandag die manier van die Romeinse Ryk en die godsdienstige leiers van Israel aangeneem het en nie die manier van Jesus nie. Ons stap met bravade uit en wil met Bybel en vers die wêreld regruk. Ons praat veroordelend oor die wêreld. Ons klim op ‘n rugby paal nadat ons gewen het en skeur ons trui oop om oor nasionale televisie te wys: "JESUS IS KONING!"

Ons doen al hierdie dinge, terwyl Jesus heel eerste sê: "Kom, Ek kom vandag by jou kuier, Saggeus." Jesus gaan eet saam met die wêreld.

Ons hou groot byeenkomste en oortuig ons dat daar allerhande wonders gebeur het. Mense is genees! En daarom glo ons. Terwyl Jesus met liefde en deernis, ja, in die kleine gaan kuier by hulle wat deur die samelewing vergeet is en verwerp is.

In Filippense 2:15 sê Paulus dat ons ligdraers moet wees in hierdie wêreld. In die grondteks praat die Grieks daavan dat ons moet skyn soos sterre in die kosmos vir ‘n gebroke wêreld. Teenoor die gebrul van die Romeinse Ryk, word ons opgeroep om te skyn soos sterre.

4. Hoe moet ek en jy dan ons roeping uitleef?

As ek kyk na die oproep van Paulus in die Filippense brief en ook die een van Petrus, dan fokus albei daarop dat ons die voorbeeld van Christus moet volg.

En as ek kyk na die voorbeeld vanuit Jesus se optrede teenoor Saggeus, dan is dit vir my duidelik dat die glad nie op die manier is wat ons vandag aangeneem het nie. Maar dit los my ook met baie vrae. Hoe weet ek wat om wanneer te sê?

Een riglyn wat vir my wel duidelik is, is dat Jesus eers die karakter van die koninkryk van God wys en leef voordat Hy iets gesê het. Kyk maar net hier na hoe hy optree teenoor Saggeus. Kyk maar na Jesus se gesprek met die Samaritaanse vrou. Hy vra vir haar water. Hy breek die reëls om ‘n gesprek met ‘n Samaritaan aan te knoop. En dan nog met ‘n vrou daarby. Hy praat met ‘n vrou wat met owerspel betrap is en vergewe haar. Hy genees ‘n offisier se slaaf sonder om vir hom voor te skryf hoe hy moet leef.

Is dit nie wat ons moet doen nie? Is hierdie nie genoeg voorbeelde om vir ons te laat besef dat ons in die eerste plek die karakter van die koninkryk van God moet leef teenoor die mense rondom ons nie?

Broers en susters, ek kan nie vir julle ‘n formule gee nie. Want ek kry nie een uit die voorbeeld wat Jesus stel nie. Maar ek kry wel ‘n gesindheid. En hierdie gesindheid het gemaak dat mense na Jesus toe uitreik.

5. Kom ons wees prakties....

Om dit prakties te maak, wil ek ‘n paar voorbeelde noem. Ek onthou twee kollegas wat met my kom praat het hierdie jaar. Hulle wou ‘n beweging begin wat God in die werkplek dryf. Hulle was geïnspireer deur ‘n ander kollega wat vanuit sy senior posisie by die werk mense op só ‘n mooi manier hanteer, en almal hanteer asof hulle die belangrikste mense is ongeag hulle plek in die maatskappy, dat hulle begin uitvra het en agter gekom het dat hy so optree omdat Jesus in hom leef. En my vraag dan is, sal ‘n poging om ‘n formele godsdiens groep by die werk die impak kon hê wat hierdie kollega gehad het. Ek wil my verstout om te sê nee. Ek was deel van ‘n Bybelstudie groep by die werk. En ons het nie naastenby die impak gehad wat hierdie kollega gehad het nie. Werksdruk het só toegeneem dat ons nie almal meer die Bybelstudie kon bywoon nie. Die etensuur wat ons vir Bybelstudie gebruik het, het net nie prakties gewerk as gevolg van vergaderings en werksdruk nie. Moes ons dan skuldig voel omdat ons nie met bravade vir ons werknemers gesê het dat ons eerste prioriteit God is en dus duld ons nie vergaderings in die tyd van ons

Bybelstudie nie? As ek na Jesus se voorbeeld kyk, sou só ‘n optrede die brul van die Romeinse Ryk manier gewees het. Terwyl ons kollega se manier, die van Jesus is - hy het sy lig laat skyn.

En mense by die werk praat oor hierdie kollega, nie oor ons Bybelstudie groep nie.

Ek dink aan ‘n geval van ‘n man wat terminaal siek was en nie in God geglo het nie. Tipies in die formaat van die Romeinse Ryk en die godsdienstige leiers van Israel, wou almal hom net "bekeer". Hy was met Bybel verse gebombardeer met die duidelike boodskap dat nou die tyd is om hom reg te ruk. Maar een vriend, het elke dag op dieselfde tyd - op die uur - hom gebel en net gevra hoe dit gaan. En lank met hom gepraat oor hoe hy voel oor sy siekte. Die man het toe wel tot bekering gekom. En hy het gesê dat dit nie die bombardering van Bybel verse en veroordeling was nie. Dit was hierdie vriend van hom wat vir hom die konstantheid en getrouheid van God kom wys het.

By Hospice het ons hierdie voorbeeld gevat om seker te maak dat ons die koninkryk van God in die heel eerste plek WYS aan en LEEF teenoor die pasiënte.

Broers en susters, om iemand in ‘n vergadering aan te vat oor sy taal gebruik, wil vir my vanuit hierdie boodskap vandag lyk na die brul van die Romeinse Ryk. Maar om almal by die werk te hanteer soos wat God hulle sien, soos wat Jesus vir Saggeus gesien het, dit is om te skyn soos ‘n ster. Om die Hindoe en Moslem wat saam met my werk tromp op te loop oor sy geloof; dit is om te brul soos die Romeinse Ryk en die godsdienstige leiers van Israel. Maar om sensitief te wees vir hulle lewensomstandighede en om te gee vir hulle as mense, nie net as menslike hulpbronne by die werk nie, en selfs as dit met hulle sleg gaan uit te vra en te sê jy bid vir hulle, dit is om soos Jesus die koninkryk van God te kom wys.

Ek wil afsluit met die verhaal van oorlogsgevangnis in die Tweede Wêreld Oorlog. Daar is selfs ‘n film gemaak oor hierdie gebeure met die titel: "The bridge over the river Kwai". Omstandighede onder die gevangenis was haglik. Dit was oorlewing van die sterkste. Hulle het selfs die kos van die swakkes gevat en so probeer oorleef. Eendag, soos wat hulle aan die einde van die dag hulle gereedskap waarmee hulle ‘n treinspoor gebou het moes teruggee, het die Japanese soldaat opgemerk dat een van die grawe weg is. Hy het almal aangetree en hulle mooi laat verstaan dat as dit graaf nie uitkom nie, gaan hy almal in daardie peleton doodskiet. Een gevangene het vorentoe getree. Die Japanese soldaat het op hom afgstorm en hom doodgeslaan.

Later daardie aand toe die gevangenis weer die gereedskap tel, het dit uitgekom dat die graaf nooit weg was nie, dit wat net mis getel. Een van die gevangenes haal toe die woorde van Jesus aan in Joh 15:13 *"As jy regtig jou liefde wil toets, toets dit hieraan: liefde beteken om bereid te wees om doodgemaak te word ter wille van jou vriende, net omdat hulle jou vriende is."* Toe almal daardie woorde hoor, het hulle ‘n 180^0 ommekeer gemaak. Die gevangenis het begin omgee vir mekaar. Die siekes is versorg, kos is eweredig uitgedeel en almal het mekaar begin dra.

Was God in daardie kamp? Ja, die hele tyd. Een gevangene het vanuit die werking van die Heilige Gees in hom, God vir almal sigbaar gemaak. Kyk watter impak het sy manier, die Jesus manier, gehad.

Amen.